

ARK DRAERS
VAN SY
HEERLIKHEID
Boodskappe oor God se
heerlikheid en oor die werking
van Sy Heilige Gees
DANIE NELL

# INHOUD


| | |
|---|---|
| **“ARK DRAERS” VAN SY HEERLIKHEID** | **3** |
| **“LAAT MY U HEERLIKHEID SIEN”** | **7** |
| **“SO Sê DIE HERE AAN SY GESALFDE”** | **12** |
| **GOD SE GEES, SOOS “WIND”** | **15** |
| **WEES ENTOESIASTIES – LEEF MET ‘N PASSIE!!** | **18** |
| **WAT SAL GEBEUR AS GOD SE GEES OP MY GEES KOM ?** | **20** |
| **WAKKER DIE GAWES AAN!!** | **22** |
| **HET JY AL DIE HEILIGE GEES ONTVANG ?** | **24** |
| **WAT MOET ONS DOEN OM GOD SE HEERLIKHEID TE KRY ?** | **26** |

# <u>ARK DRAERS VAN SY HEERLIKHEID !</u>

*"En toe die ark van die Here sewe maande lank in die land van die Filistyne was, het die Filistyne die priesters en die waarsêers geroep en gesê: Wat moet ons met die ark van die Here doen? Gee ons te kenne waarmee ons dit na sy plek kan wegstuur. En hulle sê: As julle die ark van die God van Israel wegstuur, stuur dit dan nie leeg weg nie, maar gee Hom ten volle 'n skuldoffer terug; dan sal julle bekend word waarom sy hand nie van julle wyk nie."* **1 Samuel 6:1-4**

Die res van ons Skrifgedeelte gaan oor hoe die Filistyne die verbondsark teruggestuur het na Israel.
Die rede dat hulle dit op hierdie manier wou doen was omdat daar 'n siekte onder hulle uitgebreek het wat hul liggame vol knoppe (die Bybel noem dit "*geswelle*") gelaat het en baie laat sterf het.
Ook het die Filistyne 'n muisplaag ondervind nadat hulle in 'n geveg die ark by Israel afgeneem het.

Die Filistynse priesters en waarsêers het aanbeveel dat hulle die ark teruggestuur met vyf goue geswelle en vyf goue muise. **(verse 4,5)** Dit moes dien as 'n skuldoffer aan God. Ek sal die "geswelle" beskryf as "knopperige stukkie goud wat gelyk het soos die knoppe wat op hul liggame voorgekom het"

Die verbondsark moes ook op 'n nuwe wa geplaas word wat getrek moes word deur twee melkkoeie wat kalwers gehad het. Die kalwers mag nie saam gegaan het nie.

**<u>Ons lees hiervan in verse 7 en 8</u>** *"Neem dan nou wat nodig is en maak 'n nuwe wa; ook twee melkkoeie waar geen juk op gekom het nie; span dan die koeie in voor die wa en keer hulle kalwers agter hulle weg huis toe. Neem dan die ark van die Here en sit dit op die wa, en die goue voorwerpe wat julle Hom as skuldoffer teruggee, moet julle in 'n kissie langsaan neerlê; stuur dit dan weg om heen te gaan."*

Wat wonderlik was is dat die koeie reguit padlangs geloop het, sonder om regs of links uit te draai, reguit na Bet-Semes, terwyl hulle al die pad geloop en bulk het. Dit spreek van toewyding.

**<u>Wat het dié verhaal met jou en my te doen?</u>**

***Jy en ek dra God se teenwoordigheid na die wêreld waarin ons lewe. As "Ark Draer" wees bewus daarvan elke oomblik van jou lewe***

Volgens **Levitikus 16:2** het God se teenwoordigheid gerus op die verbondsark. Waar die ark gegaan het, was God se teenwoordig

Vir hierdie rede het die leiers van Israel gevra dat die ark na hulle moes gebring word terwyl hulle in oorlog was met die Filistyne. **In 1 Sam. 4:3 lees ons** *"Laat ons die verbondsark van die Here uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande."*

Die volk was so bly toe die ark arriveer dat ons die volgende lees: **1 Sam. 4:5** *"En net toe die verbondsark van die Here in die laer inkom, hef die hele Israel 'n groot krygsgeskreeu aan, sodat die aarde gedreun het."*

Ongelukkig vir Israel het hulle tog die geveg verloor teen die Filistyne. Dit is hier waar die Filistyne God se ark vir hulself geneem het.

Toe Eli, die priester, hoor dat die ark deur die Filistyne geneem is, het hy agteroor geval en sy nek gebreek. Toe sy skoondogter, wat swanger was, hierdie nuus hoor het sy uit skok vroeër as wat sy moes, geboorte gegee aan 'n seun en hom *"Ikabod"* genoem. **(1 Sam. 4:14-22)**

"Kabod" beteken "heerlikheid" Die woord *"Ikabod" beteken "weg is God se heerlikheid"*

Ja, as jy God se teenwoordigheid verloor uit jou lewe, kan jy maar uitroep *"Ikabod"*

Soos wat Eli, die priester gesterf het, het ek gesien dat *"bedieninge"* sterf as die vyand ons beroof van God se teenwoordigheid.

Die vyand, die duiwel, beroof ons hiervan deur ons weg te hou van God se woord en ons tye van gebed. Hy beroof ons van God se nabyheid in ons lewe wanneer ons nie meer vertel van wat God vir ons gedoen het nie. Jy sien, Elke keer as jy getuig van die Here, dan maak jy Hom teenwoordig hier op aarde.

**Ons moet die *"geur en aroma"* van Christus oral versprei, waar ons as Christene gaan.**

***"Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God."* <u>2 Kor. 2:15</u>**

Dit is soos parfuum. Dit is geen inspanning vir parfuum om sy geur te versprei nie. As jy dit aan jou liggaam het sal mense dit weet wanneer jy in 'n vertrek instap.
Dit is hoe ek en jy God se teenwoordigheid moet *"indra"* oral waar ons kom. Dit begin by ons huis; in besighede; waar ons studeer; op die sportveld; ja, oral.

**<u>DIE DUIWEL WORD ALTYD OORWIN DEUR DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD (1 Sam. 5:1-4)</u>**

Nadat die Filistyne die ark by Israel geneem het, het hulle dit dit na Asdod geneem en langs hul afgod Dagon geplaas.
Die volgende dag het Dagon op sy gesig gelê voor die ark van die Here.

Die Asdodiete het hul afgod weer regop gesit. Maar die dag daarna toe hul daar kom het hul gevind dat Dagon se hoof en albei sy handpalms afgebreek was.
Dit waarmee hul god "gedink" en "gewerk" het was vernietig !

Waar jy en ek God se teenwoordigheid "indra" sal elke bose mag moet buig en vernietig word omdat God se teenwoordigheid daar is.
Dit sluit elke vertrek waar ons woon en werk in.

***"Ark draer, maak seker dat jy God se heerlikheid besit in jou lewe, en wees God se verteenwoordiger oral waar jy gaan."***

**<u>SELFS DIE KOEIE IN ONS VERHAAL WAS "ARK DRAERS" EN DRA 'N DUIDELIKE BOODSKAP AAN ONS OOR.</u>**

- Hul toewyding om God se ark te dra was so merkwaardig dat selfs hul kalwers hul nie gekeer het in hul opdrag nie.
  Niks moet jou en my keer om aan God gehoorsaam te wees nie.

Nie eers familie mag jou keer om voluit God te dien nie.
In **Matt. 10:37** sê Jesus: *"Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie."*

- **<u>In vers 12 lees ons</u>:** *"En die koeie het <u>reguit padlangs geloop</u>, ... hulle het...<u>aldeur geloop en bulk sonder om regs of links uit te draai.</u>"*

  Moet dit nooit oorweeg om op te hou om God met oorgawe te dien nie!
  Jeremia het dit eenkeer oorweeg omdat sy mense hom baie teenstand gebied het. Maar gelukkig het hy uitgeroep: *"En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het my moeg gemaak om uit te hou, maar kon nie." **(Jer. 20:9)***

- Wees 'n "Ark draer" totdat die jongste dag vir jou aanbreek, soos wat met die koeie gebeur het in **vers 14**.

  Dawid het eenmaal hierdie uitdrukking gemaak, toe Arauna beeste gratis as 'n brandoffer aan hom wou gee.
  *"Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir 'n prys; **en ek wil nie verniet aan die Here my God brandoffers bring nie**. En Dawid het die dorsvloer en die beeste gekoop vir vyftig sikkels silwer."*
  ***(2 Sam. 24:24)***

  **<u>Iemand het dit eenmaal so gestel</u>:** *"Wys my wat jy bereid is om te offer, dan sal ek weet of jy waarlik in God glo."*

**<u>MY GEBED VIR JOU IS……</u>**
Dat indien jy God se nabyheid in jou lewe verloor het, dat jy dit weer sal terug kry wanneer jy sal bely wat tussen jou en God gekom het en wanneer jy jouself weer sal toewy aan gebed en Sy woord.

Ek bid ook dat jy jou passie vir dit wat God jou voor geroep het weer sal vind en dat jy in alle opsigte 'n ***"<u>Ark draer van Sy Heerlikheid</u>"*** sal wees!

# "<u>**Laat My U Heerlikheid Sien**</u>"

Ons verhaal gaan waar Moses met God ontmoet het op die berg Sinai, en waar Moses die volgende van God gevra het: ***"Laat my tog u heerlikheid sien."*** **Lees gerus Exodus 33:7-23**

Wat vanaf **vers 19 tot vers 23** gebeur het sal sekerlik deur geen mens werklik verduidelik kan word nie. Dit moes iets besonders gewees het.

**Ek haal aan:** *"Maar Hy (God) antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die Here uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. Ook het die Here gesê: Kyk hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.* ***<u>En as My heerlikheid verbygaan</u>****, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie."*

Wat 'n voorreg het Moses net nie gehad nie!

**<u>Dan lees ons in Exodus 34:29</u>:** *"En toe Moses van die berg Sinai afdaal – die twee tafels van die Getuienis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal – het Moses nie geweet dat* ***<u>die vel van sy gesig blink</u>*** *omdat hy met Hom gespreek het nie."*

**Begeer jy, soos ek, dat God Sy heerlikheid weer sal openbaar?**

**<u>God se heerlikheid word soms op 'n bonatuurlike wyse ervaar soos wat ons lees toe die tempel ingewy was in die tyd van Salomo.</u>**

**<u>Ons lees hierdie woorde in 2 Kron. 5:13,14</u>**
*"en toe die trompetblasers en die sangers almal saam eenstemmig begin om die Here te prys en te loof, en net toe hulle die stem verhef met die trompette en met die simbale en met die musiekinstrumente, en met: Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid! – is die huis, die huis van die Here, vervul met 'n wolk. <u>En die priesters kon vanweë die wolk nie</u>*

*<u>staan om diens te doen nie, want die heerlikheid van die Here het die huis van God vervul."</u>*

**<u>Het jy al God se heerlikheid bonatuurlik ervaar?</u>**

- **Ek onthou die volgende voorval, toe Paul Schoch van Amerika ons konferensie spreker was in Maranatha Park, Johannesburg.** God se heerlikheid was so magtig op die duisende mense wat teenwoordig was dat die bure die polisie gebel het om die "geraas" te kom stilmaak.
  Die "geraas" was dat God se kinders nog steeds om middernag besig was om Hom te loof en prys.
  Die polisiehoof en van sy konstabels het ingekom om die diens te kom sluit. Net toe hulle regvoor die kansel gekom het, het God se heerlikheid so op hulle gekom dat van hulle neergeval het onder God se krag en hul lewens aan die Here gegee het. Nodeloos om te sê, die lofprysing het nog vir 'n lang tyd aangehou.

- **In Somerset Wes was daar 'n kampgronde by name Pinsker Park.** In die laat sestigs was ek die spreker by 'n groot Jeugsaamtrek, waar 32 gemeentes bymekaar was tydens 'n konferensie. Dit was die Saterdagaand en ek onthou dat ek gepreek het oor herlewing.
  Daar was 'n groot geestelike honger by die jongmense om God te soek. Nadat ek gepreek het, het die voorsitter van die konferensie iemand gevra om die diens af te sluit met gebed. Terwyl die persoon besig was om te bid het God se krag oor die gehoor neergedaal en kon hy derhalwe nie klaar bid nie. Vir drie keer het die voorsitter iemand gevra om af te sluit met gebed, en uiteindelik dit laat vaar.
  Tot laat nag was die jongmense nog steeds besig om God te aanbid.
  Daardie nag is lewens kragtig deur God aangeraak. Ek glo dit is hierdie ontmoetings met God wat die jongmense vandag weer nodig het.

- **In Rustenburg** het ek buitekant die kerk in my motor vir my vrou gesit en wag, omdat sy in die kerk was as hoof van die aanbiddingspan, besig om nog sekere reëlings te maak rakende haar musiekspan.

Dit was een van daardie besondere dienste waar die Here Sy mense besoek het met Sy teenwoordigheid.
Terwyl ek vir haar wag, het 'n broeder uitgekom en na sy motor geloop. Ek kon sien dat hy waggelende (soos 'n dronk persoon) na sy motor beweeg het en by die motor probeer het om sy sleutel uit sy sak te haal. Die volgende oomblik slaan hy neer op die grond. Eers wou ek uitspring en gaan help, maar besef toe dat dit God se krag was wat op die man gekom het. Op daardie oomblik was sy gesin ook by hom en ek kon hoor hoe daar vreugde was op hul almal.
Net daarna het dieselfde ding met nog 'n broeder gebeur, en het ek besef God was besig om in ons gemeente te werk.
Die getuienisse van hierdie mense later aan die gemeente was wonderlik, omdat God groot dinge aan hulle gedoen het.

**Moses vra die Here om Sy heerlikheid te sien.**

En indien jy met aandag **Exodus 34:5-7** sou lees dan sal jy vind dat toe God Sy heerlikheid aan Moses geopenbaar het, was dit Sy **goedheid;** Sy **genade** en Sy **vergifnis.**

***God se heerlikheid is***
***Sy Goedheid***
***Sy Genade***
***Sy Vergifnis***

Deur die jare het ek gesien dat wanneer God Sy heerlikheid aan mense geopenbaar het was dit altyd gepaardgaande met Sy **goedheid**, **genade** asook **vergifnis**

Ja, God se heerlikheid is nie net dat jy "hoendervleis" kry nie, maar dat iets daadwerklik met jou sal gebeur deur die **vergifnis** wat God aan jou sal skenk asook Sy **genade**. Dit is alles omdat Hy **goed** is vir jou.

***Ek het ook gesien dat God Sy heerlikheid koppel aan materiële seëninge***

**Kom ek gee jou 'n voorbeeld in die Bybel om hierdie stelling te ondersteun.**

**Deur die profeet Haggai het God Sy heerlikheid aan Israel beloof. Ons lees daarvan in Haggai 2:9** *"Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê die Here van die leërskare; en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die Here van die leërskare."*

Bogenoemde teks het baie gemeentes al vir hulself geneem wanneer hulle glo dat God iets nuuts vir hulle gaan doen.
Dit is goed en reg, maar het jy geweet dat hierdie belofte van God se heerlikheid word ook hier gekoppel aan materiële seëninge?

**Lees ook gerus die vorige twee verse van Haggai 2 verse 7,8:**
*"Ek sal ook die nasies laat bewe, sodat die **skatte** van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die Here van die leërskare. Aan My behoort die **silwer** en aan My die **goud**, spreek die Here van die leërskare."*

Ek het die woorde "skatte" "silwer" en "goud" onderstreep dat jy kan sien dat waar God Sy heerlikheid gee wil Hy ook voorsien in ons materiële behoeftes.
Elke keer as 'n gemeente en selfs 'n persoon God se heerlikheid ondervind, sal daar ook tydelike voorspoed duidelik sigbaar wees.

***Die duiwel word vir 'n ses geslaan!***
In een van my Sendinguitreikings na die Ukraine wou 'n pastoor en nog 'n dame saam met my gaan. Die dame het later as voltydse sendeling in die Ukraine gaan woon.
Elkeen van ons het R10,000 nodig gehad om te gaan.
Dit sou elkeen se vliegtuigkaartjie betaal het met dan ook die nodige sakgeld vir vervoer. Gewoonlik bly ons gratis by gelowiges.

Om die pastoor te help het ek aan sy kerkraad geskryf en gevra of hulle hom nie kon help in sy beproting ten opsigte van hierdie uitreiking nie.
Die pastoor skakel my toe en sê dat sy kerkraad 'n bydrae gemaak het van R6000.
In totaal het hy toe al R9000 gehad. Hy was dus R1000 kort en het dus gevoel dat hy nie kon gaan nie. Op daardie stadium het ek nog niks ontvang om my koste te betaal nie. Terwyl ons telefonies met mekaar in gesprek was het ek 'n drang ervaar om hom te help met die R1000, wat ek toe net daar beloof het. Aan die anderkant van die foon het my vriend uitgebars in trane van dankbaarheid.

My vrou, wat die gesprek gehoor het, kon nie verstaan dat ek so optree nie. Ek moet vandag erken, ek ook nie !
Gelukkig ken ek die wet van *"saai en maai"*

'n Besigheidsvriend het intussen verneem dat ek weer wil gaan na Ukraine en het my twee tjeks gestuur van R5000 elk. Nie een van hierdie tjeks het 'n datum op gehad nie.
Ons ooreenkoms was dat sodra hy fondse het hy my sou skakel om die tjeks te bank.
'n Hele tyd het verbygegaan voordat hy my gebel het om die tjeks te bank. Ek was gevra om die tjeks te bank die Vrydag voor die Dinsdag wat ons moes vertek.

Omdat ek oortuig was dat ek moes gaan het ek intussen my vliegtuigkaartjie met my kredietkaart gekoop op wat ons in Engels ken as *"budget account"*

Die dag voor ons vertrek het uit Johannesburg, het ek gou na my bank gegaan in Randburg om 'n staat te trek. Tot my skok moes ek sien ek dat daardie tjeks nie deur my bank aanvaar was nie omdat die skenker nie voldoende fondse gehad het nie. Wel, dit is wat op my staat gestaan het.
Op pad na my motor het ek gewonder wat eintlik gebeur het. Net op daardie oomblik lui my selfoon, en was dit my besigheidsvriend. Baie ontsteld vertel hy my dat hy nou net van sy bankbestuurder gekom het en verneem het dat die tjeks nie aan my uitbetaal was nie. Hy vra my waar ek is en wanneer ons vlieg. Ek het hom hierop geantwoord en hom verseker dat hy nie ontsteld moes wees nie en dat die Here op Sy manier sal voorsien.

Sy woorde was die volgende: *"**<u>Pastoor, ek is nou so kwaad vir die duiwel en gaan hom vir 'n ses slaan</u>.** Moenie bekommerd wees nie want ek gaan nou terug na my bank en sal nie R10,000 in jou rekening inbetaal nie, maar R20,000. En ek gaan dit in kontant doen."*
<u>Praat van heerlikheid en voorsiening wat gekoppel is aan mekaar !</u>

Jy moes my gesien het toe ek in my motor klim. Voorwaar, die heerlikheid van God was oor my al die pad om vir my vroutjie te gaan vertel wat God vir my gedoen het. Ek het nie net genoeg vir myself gehad nie, maar 'n paar duisend rand ekstra om die Russiese pastore en hul vroue te kon seën in die Ukraine. God voorsien nie net

in ons behoeftes nie, maar Hy gee aan ons dat ons ook vir ander kan gee dit wat hul nodig het.

**Die Lewende Bybel stel dit so treffend en duidelik in 2 Kor. 9:8 en 11:**
*"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid (Sy heerlikheid) dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander baie kan gee... God sal julle volop gee sodat julle ook volop kan weggee."*

- Ek en jy as kind van God, sal dus Sy heerlikheid moet uitdra aan 'n wêreld wat Sy **goedheid**, Sy **genade** en Sy **vergifnis** baie nodig het!

- **Praat van Sy genade.** Weet jy waarom gee ek graag genade? Omdat ek genade nodig het. Doen jy ook dieselfde.

## "SO SÊ DIE HERE AAN SY GESALFDE"

**In Jesaja 45 verse 1 tot 3 lees ons** *"So sê die Here aan Sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van die konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie. Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die Here is wat jou by jou naam roep, die God van Israel."*

Die woord wat die Here aan my gegee het is dat Hy in hierdie laaste tye sterk aan Sy Kerk sal bou, en selfs "heidene" gaan gebruik deur hulle te salf met Sy Gees wat met hul persoonlik finansies sal help om die koninkryk van God uit te brei op aarde.
Anders gestel: God gaan finansies "losmaak" vir Sy Kerk sodat Sy evangelie regoor die aarde duisende sal bereik voordat Jesus weer gaan kom.
God gaan, volgens ons skrifgedeelte, ook alle deure oopbreek sodat niks die Woord van die Here sal keer om nasies te bereik nie. Dink maar daaraan hoedat God die Berlyn muur in een week laat val het sodat die kommunistiese lande die Woord van God kon hoor. Sedertdien is duisende in die ou Soviet Rusland gered vir God se koninkryk.

**Wie was Kores en in watter tyd het God hom geroep ?**

Hy was 'n heidense koning van Persië wat Babilon verower het in die tyd toe Israel as ballinge in Babilon was. God het Kores gesalf aan die einde van Israel se 70 jaar as slawe in Babilon.

**Hoekom moes Israel as slawe weggevoer word na Babilon ?**

**2 Kronieke 36:20,21** gee ons die antwoord op hierdie vraag, naamlik: *"En die wat van die swaard oorgebly het (in Jerusalem in die tyd toe Nebukadneser die stad verower het) het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawa geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het, (dit was koning Kores) sodat die woord van die Here deur die mond van Jeremia vervul sou word: totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak."*
Volgens **Lev. 25:3,4** moes die land elke sewende jaar rus en kon Israel hul land nie bewerk het nie. Maar vir 490 jaar het hulle as volk geen sabbatsjaar gehou nie.

Hulle het in hierdie tyd dus die land 70 jaar van rus geskuld.
Daar was net een manier om hul skuld teenoor die land te betaal en dit was dat God hulle uit hul land moes neem. Daarom dan die 70 jaar van ballingskap in Babilon.

**<u>Die volgende vraag wat ons wil vra is: Waarom het God koning Kores gesalf ?</u>**
Die antwoord vind ons in die verklaring wat Kores self gemaak het in **Esra 1:2,3** naamlik:
*"So sê Kores, die koning van Persië: Al die koninkryke van die aarde het die Here, die God van die hemel aan my gegee; en Hy het my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is. Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort – mag sy God met hom wees, en laat hom optrek na Jerusalem wat in Juda is, en die huis van die Here, die God van Israel, bou! Hy is die God wat in Jerusalem is."*

**<u>Waarvan praat ons as ons praat van "salwing"?</u>**
Ek dink dat **<u>Ersra 1 vers 1</u>** verduidelik die vraag op 'n baie praktiese manier wanneer ons daar lees dat God *"die gees van Kores, die koning van Persië, <u>opgewek</u> het."*
<u>Salwing is wanneer God se Gees op my gees kom.</u>

**Toe Jesus Homself bekendgestel het in die sinagoge van Nasaret het Hy dit gedoen met die woorde wat ons lees in <u>Lukas 4:18,19</u> naamlik:**
*"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy (Sy Vader) My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

***God salf jou nie met Sy Gees dat jy net 'n geestelike onderwinding sal hê nie, maar Hy salf altyd met 'n doel***

**<u>Kyk wat doen die salwing van die Heilige Gees</u>**

**Jesus sê in <u>Hand. 1:8</u>:** *"julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."*

Dus, die groot rede vir die salwing van die Heilige Gees is om van ons getuies te maak waar ons ookal sou kom.
Die ontvangs van God se Gees in ons lewens is nie net vir 'n sekere spesiale geestelike ondervinding nie, maar om ander te vertel van God se plan van saligheid vir die mens deur Jesus Christus.

**<u>Jesaja 10:27</u>** (Engelse vertaling) *"And the yoke will be destroyed because of the anointing."*
God se salwing verbreek enige juk (las) in ons lewens. Of dit nou 'n las is wat gekom het in die huwelik, of deur finansies en selfs siekte. God se Gees op ons gees sal die laste verbreek.

**<u>In Psalm 92:11</u>** lees ons: *"Maar U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf."*
Dawid is skryf in **<u>Psalm 89:21</u>** *"Ek het Dawid, my kneg, gevind, met My heilige olie hom gesalf."*
As gevolg van hierdie salwing kon Dawid uitroep dat **<u>sy oë</u>** asook **<u>sy ore</u>** daardeur geaffekteer was.
As God jou salf sal jou oë positief kan kyk en jou ore sal nie ontsteld raak as jy hoor dat mense teen jou lelike dinge beplan nie. Verder stel Dawid dit dat hierdie salwing hom "geplant" het in God se teenwoordigheid en dat hy geestelik sal groei. **(Ps. 92: verse 13,14)**
Dawid gaan verder en vertel ons dat selfs in ons ouderdom sal ons ons nog fris en lewenskragtig wees. **(vers 15 Nuwe Afrikaanse Bybel)**

**<u>Wat het "salwing" vir koning Kores gedoen ?</u>**

- Die salwing het Kores verseker dat God sy hand hou. (vers 1)
- Die salwing het vir hom die moeilikse deur oopgemaak. (vers 2)
- Die salwing het vir hom skatte en rykdom gegee. (vers 3)

Wanneer God ons salf met Sy Gees dan gee dit ons ook sekerheid dat Hy met ons is en deure vir ons oopmaak. Daarby verseker Hy ons dat Hy in ons finansies sal voorsien.

**<u>Bely 2 Kor. 9:8 vanuit die Lewende Bybel soos volg:</u>** *"God sal my so oorlaai met Sy goedheid dat ek altyd sal hê wat ek nodig het – en nog baie meer as wat ek nodig het, sodat ek vir ander ook baie kan gee."*

# <u>GOD SE GEES, SOOS "WIND"</u>

Ons geselsie gaan oor die verhaal in **Numeri 11** oor Israel wat vleis begeer het om te eet in die woestyn, terwyl hul op pad was na die land van hul belofte, Kanaan.

God ontmoet eers die leiers onder die volk en plaas van die Gees wat op Moses gerus het op hulle.

God ontmoet eers die leiers onder die volk en plaas van die Gees wat op Moses gerus het op hulle. Die Bybel sê dat terwyl die Gees op hulle gerus het, het hulle geprofeteer.

**In Numeri 11:25 lees ons:** *"Daarop het die Here neergedaal in die wolk en met Hom gespreek; en hy het van die Gees wat op hom (Moses) was, afgesonder en op die sewentig oudstes (dit is die leiers) gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie."*

**Die rede waarom baie gelowiges nie meer vandag deur God gebruik kan word om te profeteer en vir ander te bid nie, is omdat Sy Gees nie op hul rus nie !**

Ek glo dat God vandag eers met die leiers wil ontmoet deur Sy Gees in hulle harte uit te stort.
Dit is nie net nodig vir die kerk van vandag nie, maar ook die politieke leiers van ons land. Want dit is wanneer God se Gees op hulle sal rus dat hulle God se woorde (en nie hul eie nie) sal praat.

Hierna het God ***"Sy Wind"*** gestuur om regoor die land te beweeg en kwartels van die see af aan te waai vir Israel om te eet.
Daar was so baie kwartels dat dit maklik 20 kilometer regom Israel gelê het. Dit moes derduisende kwartels gewees het, genoeg vir die hele volk, wat maklik twee miljoen mense kon wees.

**Ons lees hierdie aangrypende woorde in Numeri 11:31,32** *"Toe het 'n wind wat van die Here kom, uitgevaar en kwartels van die see af oorgedrywe en op die laer gestrooi omtrent 'n dagreis hier ('n dagreis was tot 20 kilometer) en omtrent 'n dagreis daar, rondom die laer; en hulle was omtrent twee el (gemeet vanaf die elmboog tot by jou langste vinger) bokant die grond. Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die volgende dag*

*en die kwartels versamel. Hy wat die minste gehad het, het tien homer (2000 liters) versamel..."*

**Begeer jy, soos ek, dat God Sy Gees sal laat waai oor ons land ?**

Gelukkig sien ek oral tekens hiervan. Ek dank God dat Hy ook ons manne saamtrek om met hulle te ontmoet met Sy Heilige Gees "Wind"

Weereens sien ek in hierdie verhaal dat God se "Wind" voorsiening vir Israel gebring het. Ek bid ernstig dat God Sy Heilige Gees sal stuur om te waai oor elke geestelike leier; ja oor elke kansel; oor elke lokale stadsraad en burgemeester; oor ons manne en vroue in besigheid; oor ons studente in universiteite en kolleges; oor ons polisiemag; en beslis oor ons parlement.
God moet "wegwaai" wat daar nie hoort nie en "inwaai" wat kortkom !!

**Die Heilige Gees word in die Bybel vergelyk met: Vuur; water; Olie en selfs met 'n duif, maar hoekom met "Wind"?**

- Wind kan nie gesien word nie maar wel ervaar word.
- Wind kom in plekke waar niks anders kan kom nie.
- Dank God, niemand sal die Heilige Gees kan keer nie, nie eers tradisie nie !

**Die Heilige Gees het van die begin van hierdie wêreld 'n verskil gemaak**

- Reg voor in die Bybel lees ons in **Genesis 1:1,2** *"In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees !*
  *En daar was lig."*

  Die Bybel vertel ons dat die aarde "woes en leeg" was, en dat daar "duisternis" was. Maar die oomblik toe God se Gees begin beweeg het oor die waters het daar 'n verskil gekom. Die duisternis het verdwyn en dit het lig geword.
  Dit is nog altyd dieselfde want waar God se Gees in 'n huis en lewe inkom, daar verdwyn die duisternis (die sonde) en daar breek God se lig deur.

- Die Heilige Gees het in **Esegiël 37** gewaai oor die dor bene sodat hulle uiteindelik as 'n magtige leër opgestaan het.

Die Gees van God wil van jou ook "'n magtige krygsman" maak vir die Here.

- Die Heilige Gees was "*<u>die geluid soos van 'n geweldige rukwind</u>*" in **<u>Hand. 2:2</u>**
  Dit is wat die skare getrek het op Pinksterdag en dat 3000 uiteindelik uitgeroep het: *"wat moet ons doen"?*
- Die Heilige Gees was die een wat soos 'n rukwind die gevangenis geskud het om Paulus en Silas vanuit die gevangenes te haal en ook die tronkbewaarder en sy gesin te red.

  Die skudding in die gevangenis was so geweldig dat al die tronkdeure oopgeskiet het, ook van al die gevangenis. Sal God nie vandag weer Sy Heilige Gees wind stuur om mense uit hul gevangenis van sonde te verlos nie ?
  Kom ons vertrou die Here daarvoor.

**Terwyl ek op 'n boot gereis het op die see van Galilea, het ek die volgende boodskap ontvang:**

Die gids het ons vertel dat daar min suurstof in die wintermaande in die water was, maar dat daar winde oor die berge gekom het wat suurstof vir die visse gebring het.
Jy kon dan letterlik die duisende visse sien wat na die oppervlakte gekom het om suurstof in te adem. Onthou dat die see van Galilea was baie laer as seevlak.
Terwyl die gids bogenoemde verduidelik het, het ek vir die Here gevra om asb. Sy wind te stuur om oor die aarde te beweeg om hulle wat "*vars suurstof*" in hul gees nodig het weer "*nuwe lewe*" in hul gees te gee.

As net hulle wat eenmaal vurig vir God was weer sal lewe, sal ons 'n Heilige Gees herlewing sien wat die wêreld vir God sal beinvloed.

***Miskien onderwind jy "winter" in jou gees ?***
***Laat dan toe dat Sy Gees vandag oor jou "waai"***

# <u>WEES ENTOESIASTIES – LEEF MET 'N PASSIE !!</u>

<u>**In Rom. 12:11 lees ons hierdie woorde:**</u> *"Wees nie traag in die ywer nie; wees **<u>vurig van gees</u>**; dien die Here."* ***(Die Nuwe vertaling gebruik die woorde: "wees geesdriftig")***

<u>**The Message:**</u> *"Don't burn out; keep yourself <u>fuelled</u> and <u>aflame</u>."*

<u>**Collins Dictionary:**</u>
*"Enthusiasm is great eagerness to be involved in a particular activity which*
*you like and enjoy or which you think is important"*

Die Griekse woord "entheos" verwys na God. Hoe meer jy dus van God in jou lewe het, hoe meer entoesiasme het jy in jou lewe !
<u>My boodskap aan jou is: *Wees entoesiasties – leef met 'n passie !*</u>

- Sonder entoesiasme word die hoogste sporte nie bereik nie.
- Wakker entoesiasme aan in jou lewe, laat dit jou wese vul, dit sal ander inspireer.
- Wanneer iemand entoesiasme toepas in wat hul doen, dan verhoog hul energie.
- Entoesiasme is soos suurdeeg wat die brood laat meer word.
- Entoesiasme is dit wat ander se emosies inspireer sodat hulle jou sal ondersteun.
- Entoesiasme wek kragte in jou op, maak jou vrymoedig en gee jou moed.
- Ouderdom mag jou vel vol plooie maak, maar as jy jou entoesiasme verloor sal daar "plooie" in jou siel ontstaan.
- <u>Entoesiasme sal jou laat</u>: Praat; Doen en Sing !

<u>**Bybelse Voorbeelde**</u>

- **Deur entoesiasme het Dawid Goliat verslaan (1 Sam. 17)**
- **Die entoesiasme van Paulus het die bemanning op 'n boot gered (Hand. 27:25)**
  <u>Geen wonder dat Paulus kon uitroep in **Fil. 4:13** (AMPLIFIED Bybel)</u> *"I have strength for all things in Christ who empowers me -- I am ready for anything and equal to anything through Him who infuses inner strength into me"*

- **Deur entoesiasme (of dan 'n passie wat in sy hart gebrand het) kon Jeremia volhou met sy bediening.** **<u>Jer. 20:9</u>** *"En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in Sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente."*

**<u>Kan ek met jou uit my hart praat ?</u>**

- Het jy, soos Israel, jou entoesiasme verloor ?
  Vir 16 jaar het hulle opgehou bou aan die tempel, totdat God hul gees weer "<u>opgewek</u>" het ! **Haggai 1:14**
  Wat jy nodig het is dat God jou in jou gees sal "opwek"

- Het jy nie miskien 'n ontmoeting met Jesus nodig nie ?
  Soos wat die Emmaus-gangers met Christus ontmoet het, sodat jou hart weer brandende in jou binneste kan word.
  **(Lukas 24:32)**

- Moontlik moet jyself God se gawes in jou hart aanwakker.
  Jy sal dit kan doen as jy ernstig tot God sal bid oor die gawe wat in jou is en dat jy jouself tot beskikking van God te stel. Miskien is dit dat jy vandag vir iemand gaan bid wat siek is ?
  **2 Tim.1:6**

- Dit mag wees dat jy nou 'n duidelike besluit sal neem om 'n wenner te wees ! **1 Kor.9:24**

- Wat van die "verkeerde verlede" te vergeet ? **Fil.3:13,14**

***<u>Saamgevat:</u> Jy sal ernstig tot God moet bid om jou in jou gees op te wek, deur 'n vars ontmoeting met Christus te hê.***
***Jy sal moet kan vergewe en vergeet,***
***en die gawe wat die Here in jou geplaas het aanwakker !***

# WAT SAL GEBEUR AS GOD SE GEES OP MY GEES KOM ?

Lees met aandag **Hand. 1 :1- 8**

Die belofte van die vervulling met die Heilige Gees is vir elke kind van God.
In **Lukas 11:13** het Jesus gesê:*"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid.?"*

En in **Hand. 2:39** lees ons hierdie woorde wat Petrus gepreek het op Pinksterdag, naamlik: *"...die belofte (die doping met die Heilige Gees) kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep."*

**Wat het die skare getrek op Pinsterdag in Jerusalem ?**
Dit was die talespraak deur die dissipels wat die duisende getrek het na die plek waar God met Sy dissipels ontmoet het. **(Hand. 2:1-16)**

**Die vraag is: Wat sal gebeur as God se Gees op my gees kom ?**

**Ons sal inwonende krag ervaar.** Hierdie afleiding maak ons uit **Hand. 1:8** waar Jesus vir die dissipels gesê het dat hulle **krag** (of dan "dunamis") sal ondervind wanneer die Heilige Gees op hul sal kom.

Selfs in die Ou Testament lees ons dat Simson hierdie soort krag ervaar het toe hy homself moes verdedig teen 'n leeu. Die Bybel vertel ons dat die Gees oor hom gekom het en dat, as gevolg daarvan, het hy die leeu verslaan met sy kale hande. **(Rig. 14:6)** Vandag is daar "'n brullende leeu" naamlik die duiwel wat jou wil verslind. Maar die krag van God se Gees in jou sal jy hom oorwin. Groter is Hy wat in jou is as hy wat in die wêreld is. **(1 Joh. 4:4)**

**Nog iets wat met ons sal gebeur wanneer die Heilige Gees oor ons kom is dat ons in 'n ander mens sal verander.**
**In 1 Sam. 10:6 lees ons:** *"En die Gees van die Here sal oor jou vaardig word...en jy sal in 'n ander mens verander word."* Dit is wat Samuel vir koning Saul gesê het, nadat hy gesalf is as die eerste koning van Israel.

Indien jy dus 'n goeie geestelike verandering in jou lewe wil sien, sal jy moet begeer dat God se Gees op jou gees sal moet kom.

**<u>My gebedslewe sal verander</u>**
**<u>Rom. 8:26 verklaar:</u>** *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*

Dit is treffend dat ons regtig soms nie weet wat om te bid nie. Dit is dan wat God se Gees ons tot hulp kom deur vurig ons te help met ons gebedes.
Was jy al daar dat jy gebid het dan hoor jy wat jy vir God sê sonder dat jy dit met jou blote verstand uitgedink het. Dit is 'n roepe na God hier diep uit jou binneste.

**<u>God se liefde word in ons harte uitgestort deur Sy Gees</u>**
**Ons lees hiervan in Rom. 5:5.**
Daarom, hoe meer jy toelaat dat God se Gees jou gees beheer, hoe meer sal jy ondervind dat Hy jou vul met God se liefde. Ai, as ons dit maar kan toepas in ons huwelike. Jy sal oorloop van liefde namate jy God se Gees toelaat in jou lewe.

**<u>As God se Gees op jou gees kom sal jou ondervind wat Bileam ondervind het.</u>**
**<u>Ons lees die volgende in Numeri 24:2-4</u>**

- *<u>Hy kon van homself sê</u>: "Ek is 'n man met 'n geopende oog"*
  *Het jy 'n geopende oog vir die posetiewe dinge in die lewe ?*
- *<u>Bileam kon ook sê</u>: "Die hoorder van die woorde van God"*
  *As jy God wil hoor, sal dit nodig wees dat Sy Gees op jou gees kom.*

**<u>As God se Gees op ons gees kom, dan word alle jukke (laste) in ons verbreek</u>**
**<u>In Jesaja 10:27 is daar 'n pragtige teks wat die beste uitkom in die Engelse Bybel:</u>**
*"And the yoke shall be destroyed because of the anointing."*
*(Anointing is when God's Spirit comes on my spirit.)*

**<u>As God se Gees op my gees kom, kan ek ook geloof spreek en selfs dinge wat nie bestaan roep om wel te bestaan.</u>**

**<u>Ons lees in 2 Kor. 4:13</u>** *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het Ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."*
Wanneer ons ook **Rom. 4:17** asook **Rom. 10:8** lees sal ons vind dat geloof in ons mond is. Daarom moet ons leer om lewe te spreek met ons tong volgens **Spreuke 18:21.**

# WAKKER DIE GAWES AAN !

**2 Tim. 1:6,7** *"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar vam krag en liefde en selfbeheersing."*

**Die nuwe vertaling stel dit soos volg:** *"die genadegawes moet soos 'n vuur aangeblaas word."*
**The Amplified Bible says:** *"stir up – rekindle the embers (die kole) fan the flame and keep burning the gift of God...that is in you..."*

**Wat jy nodig het om te oorwin is in jou !**
**Joh. 7:38** *"Hy wat in My glo (Dit is Jesus wat hier praat) soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."*
In ons het ons God se lewende water, naamlik Sy Gees.
**1 Joh. 4:4** *"Hy wat in julle is, is groter as hy wat in die wêreld is."*

**In "The Amplified" Bybel is daar 'n baie mooi vertaling wat ons vind in Joh. 15:26 wat soos volg lees:** *"But when the Comforter (Counselor; Helper; Advocate; Intercessor; Strengthener) comes...He will testify regarding Me."*

Ja die Heilige Gees is ons Raadsman; Berader; Helper; Advokaat; Middelaar; asook die een wat ons versterk.
Die Heilige Gees is meer as net 'n geestelike "ondervinding"
Hy is die derde persoon in die Godheid wat van ons besit neem !

**Volgens 2 Tim. 1:7:**

- **Is die Heilige Gees nie 'n gees van vrees nie.**
  Daar is so iets soos "gewone vrees" soos wanneer jy haastig uit te pad spring wanneer 'n groot swaarbelaaide vragmotor op jou afstorm. Dit is normale vrees.
  Maar dan is daar 'n ander soort vrees as jou bv. gaan slaap en jy voel dat daar nie rus in jou gemoed is nie. Hierdie vrees is nie van God nie en dit moet jy hanteer.
- **Volgens bogenoemde teks is God se Gees 'n Gees van krag (Hand. 1:8)**
- **Hy is ook 'n Gees van liefde (Rom. 5:5)**

Hoe meer jy liefde verlang in jou lewe, hoe meer sal jy moet toelaat dat die Heilige Gees jou lewe moet vul en beheer.

- **<u>Dit is treffend om te weet dat God het ons ook Sy Gees gegee om die "Self" in ons lewens te beheer.</u>**
  Ek en jy kan nie ons self beheer nie, daarom is dit nodig om oor te ee aan Sy wonderlike Heilige Gees. Ek weet hoe Hy my gehelp het n my humeur onder Sy kontrole geneem het, toe ek dit self nie kon doen nie.
- Die Engelse Bybel praat van "<u>a sound mind</u>"
  In Engels word die uitdrukking gebruik: *"The battlefield is the mind"*
  Die Heilige Gees wil ons help om ons denke te beheer.

**<u>Wat moet in ons "aangewakker" word ?</u>**

**<u>JOU ROEPING</u>** M.a.w. die doel waarvoor God jou gemaak het.
Jy moet uitvind wat dit is en met 'n passie dit uitleef, want jy sal alleenlik 'n vervulde lewe kan leef as jy doen waarvoor God jou geroep het vir hierdie spesifieke tyd in jou lewe.

**<u>JOU GETUIENIS</u>** As ons daaraan dink dat ons die duiwel sal oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van ons getuienis **(Open. 12:11)**
God het groot dinge vir jou gedoen en jy moet daardie gawe (of geskenk) wat Hy jou gegee het aanwakker in jou lewe sodat ander Jesus ook kan vind as hulle verlosser.

**<u>DIE GAWES VAN SY GEES</u>**
Soos wat ons dit vind in **1 Korinthiërs 12 en in Romeine 12.**
Gaan lees hierdie gedeeltes met aandag en vra die Here watter gawes spreek tot jou.

**<u>Hoe wakker jy God se gawes aan in jou lewe ?</u>**

- Deur ten eerste te ontdek wat God reeds in jou geplaas het deur Sy Gees.
  Iets spesifiek sal "brand" in jou hart om vir God te doen.
- Bekom dan alle kennis rakende hierdie gawe, deur wat daaroor in die Bybel geleer word. Lees ook boeke daaroor.
- Laat 'n gesalfde kneg van God hande op jou plaas soos wat Paulus hande op Timoteus geplaas het. Daar is voorwaar baie krag in handoplegging.

- Maar moenie net bly bid oor jou gawe nie. Spring aan die werk en beoefen jou gawe soos wat die geleenthede kom. Bv. As jou gawe is om vir siekes te bid, moet jy geleenthede gebruik waar daar siekes is om voor te bid (dit kan jou bure wees) om vir hulle te gaan bid. Dit is in elk geval nie jy wat genees nie, maar dit is God wat genees !

# HET JY AL DIE HEILIGE GEES ONTVANG ?

**Hand. 19:1-6**

Dit is baie duidelik in die Bybel dat God Sy Gees aan ons wil gee. ***Lukas 11:13*** *"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid."*

In **Handelinge 19** lees ons dat Paulus die Efesiërs gevra het of hulle die Heilige Gees ontvang het toe hulle gelowig geword het. **(vers 2)**

Ek het altyd gedink dat jy outomaties die Heilige Gees het wanneer jy gelowig word. Maar volgens wat plaasgevind het in Efese is dit nie die geval nie.
Toe hulle aan Paulus dit stel dat hulle nie eers gehoor het van die Heilige Gees nie, was hy baie verbaas en het hulle toe gevra hoe hulle gedoop was. Want by die doop hoor 'n mens immers van die Heilige Gees, omdat jy gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. **(Matt. 28:19)**

Uiteindelik het hy hulle die hande opgelê **(Hand. 19:6)** en hulle is toe gevul met God se Gees en het in tale gespreek en selfs geprofeteer. Watter vreugde was dit net nie !

Vir die vroeë Christene was die doping met die Heilige Gees 'n groter prioriteit as wat dit vandag is. Jy kon geen leier in die kerk wees daarsonder nie. In sommige gevalle kon jy nie eers in die gemeentekoor gesing het nie !

As gevolg van die uitstorting van God se Gees in die lewens van die gemeente van Efese het daar wonders plaasgevind **(vers 11,12)** en is sonde tussen hulle uitgeroei volgense **verse 18 tot 20.**

Deur die jare het ek gesien dat wanneer die Heilige Gees iemand ontmoet en selfs 'n gemeente besoek, dat daar reiniging plaasvind. Jy sien, Sy naam is nie net "Gees" nie maar "Heilige Gees"

**<u>Verder het jy die Heilige Gees nodig:</u>**

- **<u>Om jou meer effektief te maak om 'n getuienis vir Christus te wees</u>.**
  Ek onthou hoe ek as jongman maar redelik skaam van persoon was en selfs gehakkel het as ek benoud was. Maar nadat God my gevul het met Sy Heilige Gees was ek baie vrymoedig. Soveel so dat ek in die hart van Pretoria (wat ons daardie tyd die "plein" genoem het)
  in die publiek vir honderde mense kon preek en die voorreg gehad het om talle na Christus te kon lei. Ek en nog so drie maats het selfs gebruik gemaak van Paul Kruger se standbeeld as 'n preekstel vanwaar ons die evangelie verkondig het!
  Dink maar daaraan wat met Petrus gebeur het op Pinksterdag nadat hy gevul is met die Heilige Gees. Voor dit het hy selfs sovêr gegaan as om Jesus te verloën. Maar nou, vol van God se Gees kan hy die skare in die oë kyk en 'n kragtige boodskap aan hulle bring sodat drie duisend tot bekering kon kom !

- **<u>Jy het ook die Heilige Gees nodig om kragtiger te kan bid</u>.**
  Lees gerus weer, met aandag **Rom. 8:26**.

- **<u>Jy het God se Gees nodig om jou te help om in die hele waarheid te bly</u>.**
  **Joh. 16:13** *"wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig."*

- **<u>Die Heilige Gees sal jou ook help om God te aanbid</u>.**
  **Joh. 13:14** *"Hy (My Gees) sal My verheerlik…"*

***Jy sal 'n dors moet hê na Sy Gees !***
***Jesus het gesê in <u>Joh. 7:37,38,39</u> "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!***
***Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo."***

# <u>WAT MOET ONS DOEN OM GOD SE HEERLIKHEID TE KRY ?</u>

**Ons lees <u>Ex.40:1-15 en verse 34,35</u>**

Exodus 40 gaan oor die oprigting van die tabernakel en hoe dit en alles wat gebruik was om God te aanbid geheilig was.
8580 Leviete was gebruik om diens te doen in die tabernakel. Dit sluit hulle in wat dele vervoer het wanneer Israel op reis was en ook hulle wat diens gedoen het in die tabernakel self.
Jy sal dit verstaan indien jy 'n deeglike studie maak van **<u>Numeri 4</u>.**

Die tabernakel was dus vir God belangrik. En omdat jy en ek ook vandag God se tabernakels is waarin Hy wil woon deur Sy Gees, ons is ook vir Hom belangrik.

***<u>Nadat alles voltooi was, en elke ding op sy plek was in die tabernakel, lees ons die volgende in vers 34</u>:***"*Toe het die wolk die tent van samekoms (die tabernakel) oordek, en die heerlikheid van die Here het die tabernakel vervul…*"

**<u>Jy en ek as God se tabernakels (m.a.w. Sy woonplek) begeer ook dat Sy heerlikheid ons lewens sal vul. Maar dan moet ons verstaan dat daar eers dinge moes plaasvind voordat vers 34 neergeskryf kon word.</u>**

**<u>Die eerste wat hulle moes doen was om die verbondsark te beskerm. (vers 3)</u>**
Jy sal God se heerlikheid ervaar in jou lewe indien jy bereid is om dit wat vir God heilige is te beskerm, soos die volgende:

- **Jou huwelik**
  Die beginsels in **Efesiërs 5** asook **1 Petrus 3:1-7** moet toegepas word.
- **Jou aanbidding**
  God soek mense dringend wat Hom in gees en in waarheid sal aanbid. **Joh. 4:23,24**
- **Jou persoonlike verhouding met God**
  Dit sluit jou gebedslewe en lees van die Bybel in.

Ek hou van wat Dawid geskryf het in **Psalm 119:11***"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."*

Maar dit sluit ook jou daaglikse lewenswandel in.
Geen wonder dat Johannes die volgende geskryf het in **1 Joh. 1:7** *"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar…(dit is dan dat die bloed van Jesus Christus ons sal reinig van alle sonde)"*

**Die tweede wat hul moes doen was om die goue altaar wat die lieflike reuk versprei het op te rig.** Lees daarvan **in vers 5**
Hierdie lieflike geur het ingetrek in die voorhangsel en het die hele tabernakel gevul.
Volgens **Open. 5:8** is gebed soos reukwerk voor God. Hierdie teks praat van: *"goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."*
Hoe lyk jou "reukoffer altaar" ?

**Daar was ook 'n brandoffer altaar waar mense met offers hul sonde kom bely het aan God (vers 6)**
Jy sal nie God se heerlikheid ervaar sonder sondebelydenis nie !

Ons moet altyd onthou dat **1 Joh. 1:9** vir gelowiges geskryf is.
Soos die priester hulself gewas het by die Waskom **(vers 7)** so moet ons onsself skoon kan was voordat ons Hom kan bedien.

**Maar dit is ook nodig om persoonlik deur God gesalf te word (verse 9 tot 15)**

*Die wolk van heerlikheid het die tabernakel oordek eers nadat al hierdie dinge in plek was. Dieselfde sal met ons gebeur !*